TELEFOON 44-9182 **Die Transvaler** POSBUS 818
JORISSENSTRAAT 102. JOHANNESBURG.
WOENSDAG 16 SEPTEMBER 1959

ONS LESERS AAN DIE WOORD

# Die Wonderwerke van Caux

Geagte Redakteur, — As mede-Nasionalis en mede-kerkman het ek u reaksie op dr. Geldenhuys se toespraak hier op Caux met groot belangstelling gelees. Soos u, het ek ook al 'n bedevaart na Paul Kruger se woning in Clarens gemaak en daar met bewoë gemoed na die Suide gekyk en gepeins oor ons volksverlede en die geloof, vasberadenheid, tradisies en kerkverband wat ons Afrikaners vir 300 jaar as volk saamsnoer. God het ons in Afrika met 'n doel gestel. Maar wat is daardie doel? Is dit net om die verlede te behou met die selfversekering en eiegeregtigheid dat ons beter is as ander rasse en nasies?

Vir die uiters kritieke wêreldtoestand was ek net so blind soos die meeste van ons in Suid-Afrika. Geharde Kommunistiese leiers uit alle vastelande, wie se lewens totaal verander is, het talle voorbeelde van oor die hele wêreld gegee hoe elke gebeurtenis in die wêreld vandag maande en jare vooruit beplan is.

Vir elke land is daar 'n besondere strategie. Die Tibetaanse mans is of vermoor of ontman; die Britse volkslewe word eenvoudig moreel ondermyn; elke swart student in Europa word deur blanke vrouens as deel van die Kommunistiese strategie verlei; daar is ses Kommunistiese radiosenders op Afrika gerig; in al die swart state van Afrika word gedink aan 'n oorlog teen Suid-Afrika en word dit koelbloedig bereken dat dit vyftig miljoen swart lewens sal kos voor blank Suid-Afrika finaal verower is. Ek gis nie nou nie. Dit is feite. Die toestand is kritiek.

Die hele wêreld is verwikkel in 'n ideologiese oorlog. Die gevare van die H-bom en beheerde projektiele, wat gedurig propageer word, is eintlik 'n bluf om mense se aandag af te lei van die werklike stryd. Die Kommunisme se geheime wapen is die verswakking van ons morele lewens. 'n Beheerde projektiel is geen verdediging teen die Kommunistiese bywyf van 'n kabinetsminister in die Westerse vryewêreld nie. Homoseksualiteit in Westerse lande het ontsettende afmetings in kerke, skole en klubs aangeneem. 'n Verdedigingsooreenkoms is nie bestand teen die Kommunisties geïnspireerde idees wat deur die radio en pers versprei word nie. Hieraan bestee die Sowjet elf persent van sy hele begroting. Die kastige keuse tussen oorlog of koëksistensie is 'n listige plan van die Sowjet om ons aan die slaap te sus. Boikotbewegings in alle lande en handel met die lande agter die ystergordyn, is saamgeskakel om ons Westerse demokrasieë te vernietig.

Ons Suid-Afrikaners speel saam in die Kommunistiese spel sonder dat ons dit altyd besef. Ons meen dat ons ver weg is van die gevare wat elders dreig. Maar verlede jaar het ons 19 miljoen sakke mielies aan Oos-Duitsland verkoop teen 'n verlies van meer as £2,000,000. Ons politieke, ekonomiese en rasseverskille is net wat die Kommunisme wil hê. Dit verblind ons vir die eintlike stryd. Elke toespraak, maatreël en wet, of onsinnige stukkie propaganda, word op listige en venynige wyse uitgebuit as nog 'n teken van die onderdrukking en tirannie in Suid-Afrika. Die verbittering teen ons blankes hoop in Afrika orals op.

Wat is die antwoord? Ons moet kies. Leef ons werklik volgens ons Christelike geloofsbelydenis? Of maak ons soos ons lekkerkry? Slegs as ons ons Christelike geloof absoluut toepas en daagliks uitleef, kan ons die antwoord vir Afrika bring. Ons het die antwoord. Ons het dit as die een helder rigsnoer in ons grootse volksverlede. Maar het ons die passie om reg te maak wat verkeerd is in ons eie lewens en in die wêreld? As ons sien hoe ander ons sien, dan besef ons hoe nodig dit is dat ons moet ophou om slim menslike planne te maak. Ons moet begin om ons eiegeregtigheid en skynheiligheid te haat, en dan ons kruis op te neem om saam te veg in hierdie wêreldstryd tussen God en georganiseerde goddelose materialisme.

Dit is waarom Caux gaan. Dit is waaroor dr. Geldenhuys gepraat het. Hier is geen versaking van ons verlede nie, maar 'n nuwe stryd met skoon hande vir die Koninkryk van God en die wêreld soos God dit wil hê.

Die wêreldtoestand is kritiek, ontsettend kritiek. Daarom het Duitse kabinetsministers, leiers van Wes-Afrika, Cyprus, Algerië, militêre leiers van Frankryk, opposisieleiers van Kerala, die Kommunistiese staat in Indië, en Japanse volksraadslede vanjaar hierheen gekom om saam met meer as 4,000 vooraanstaande mense uit 75 lande te soek na die antwoord in die krisis van vandag.

Die fundamentele krisis orals in die wêreld is geestelik, maar godsdiens soos dit gewoonlik uitgeleef word, is nie genoeg om die ideologiese leegte te vul nie. Daarom is Kommunisme in staat om die irrasionele gevoelens in verband met nasie, ras en klas uit te buit. Ons het 'n ideologie nodig — 'n denke op 'n nuwe peil wat die honger van die absolute sal bevredig wat in die hart van elke man, swart en wit, opgevoed en onopgevoed, brand.

Hier op Caux het ek wonderwerke in die harte van mense sien gebeur. Daar is net twee alternatiewe — Kommunisme of MRA en alles wat dit voor staan. Suid-Afrika kan die antwoord aan die wêreld gee. Laat ons betyds wakker word, self verander, God se leiding soek en saam veg vir 'n nuwe wêreld. Die wêreld sal opsien na onomkoopbare morele leiers. Ons moet ophou om God vir ons doel te gebruik en ons laat gebruik vir Sy doel in die wêreld. Met Sy leiding kan die antwoord gevind word vir alle nasies, met 'n eerbare vrede en blywende geregtigheid in die harte van alle mense van alle rasse orals.

Dr. Geldenhuys het 'n banier opgerig en ons almal uitgedaag. 'n Nuwe soort mens en 'n nuwe soort staatsmanskap — dit is ons onmiddellike behoefte. In alle lande, Afrika en elders, ontstaan mense met gesuiwerde harte en nuwe gesindhede, toegewyde ideologiese stryders, wat wil saamveg, nie vir hulself of hul ras of hul land nie, maar vir 'n nuwe wêreld, God se wêreld. Hulle reik ons die hand. Waarvoor is ons bang?

ADRIAAN SMUTS.

Caux,
Switserland.